25 Aug 2019

FAMILIE TUISBLAD

Hebr 12:2-10

ons storie

Vertel vir mekaar vir wie julle die bangste is, daardie persoon na wie jy altyd sal luister as hy/sy praat. Vertel ook hoekom julle dadelik sal luister.
Vertel ook vir mekaar wie daardie persoon in die huis is na wie jy die beste luister en hoekom.

ons nuwe storie

Miskien moet ons as gesin anders na mekaar luister. Baie keer luister ons net na die een wat die hardste praat en raas, maar besluit saam as gesin na watter versoeke en watter tipe stem julle eerder wil luister. Dalk kan julle besluit om goed te luister as een sê: “Help my asseblief...” of iets soos: “Ek het nou nodig dat iemand na my luister...” ens. Probeer 'n nuwe manier van praat met mekaar kry.

GOD se storie

In Hebreërs vertel die skrywer dat God destyds met donderslae en aardbewings gepraat het en dat almal gesidder het van angs oor die ontsagwekkende mag waarmee God praat. Miskien voel ons so as die donderweer so hard slaan! Maar lees mooi die gedeelte en sien hoe vers 22-24 van 'n ander “sagter” realiteit praat. God praat deur Jesus anders met ons, sagter en uitnodigend maar luister ons nog steeds so goed?

Rituele en gewoontes

Probeer om aan die einde van elke dag van die week net vir 10 minute te sit en te praat oor al die stemme waarna julle die dag geluister het. Dalk het die stemme via SMS of e-pos of WhatsApp gekom.
Besluit saam of julle die dag na die regte “stemme” geluister het